Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Eksamenadministrasie

Verwysing: 20160311-8709
14/3/2
Navrae: M Combrink

Omsendbrief: 0017/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Bestuurder: Leerondersteuning, Bestuurder: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: IBB koördinering en -advies, Senior Sielkundiges, Leerondersteuningskoördineerders, Sielkundiges, Leerondersteuningsadviseurs, Kurrikulumadviseurs, Adjunk-Hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders en Prinsipale

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief bied leiding ten opsigte van die proses wat skole moet volg om aansoek te doen vir hul leerders wat vir assesseringsakkommodasies wat betref leerhindernisse en/of immigrantstatusversoeke vir assesseringsdoeleindes kwalifiseer.*

Onderwerp: Bestuur van assesseringsakkommodasies vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering: graad R – 12 ervaar en vir leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes: graad 4 – 12 versoek

1. Hierdie omsendbrief moet gelees word saam met die Nasionale Beleid met betrekking tot die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, wat as Staatskennisgewing 372 en 373 in Staatskoerant Vol. 587, No. 37652 gedateer 16 Mei 2014 gepubliseer is.

2. Leerders wat assesseringsakkommodasies tydens 'n assessering of eksamen moet kry, moet so vroeg as moontlik geïdentifiseer word om seker te maak dat die leerder nie ten opsigte van onderrig en leer benadeel word nie.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
tel: +27 21 467 2942 faks: +27 21 461 5637
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

3. **Kwalifisering vir assesseringsakkommodasies**

3.1 Leerders wat vir assesseringsakkommodasies in aanmerking kom:

3.1.1 Diegene wat leerhindernisse ervaar as gevolg van 'n gestremdheid, leerprobleem, leergestremdheid of gedrag en/of psigososiale kwaal wat die leerder verhoed om volgens sy/haar potensiaal tydens die assessering te bereik.

3.1.2 Leerders wat tydens die assessering of eksamentydperk mediese, maatskaplike of emosionele uitdagings ervaar.

3.2 Assesseringsakkommodasies sal nie toegestaan word:
3.2.1 indien die hoofprobleemarea die taal van leer, onderrig en assessering is omdat die genoemde taal nie die huistaal van die leerder is nie;
3.2.2 om skolastiese prestasie te verbeter nie; of
3.2.3 waar geen rekord is van enige Skoolgebaseerde Ondersteuningspan- (SGOS) ondersteuning wat voorheen verskaf is nie.

3.3 Die bepaling van leerders wat in aanmerking kom vir assesseringsakkommodasies moet reeds in die grondslagfase of ten minste teen die einde van Maart van hul graad 10-jaar geïdentifiseer wees, behalwe in 'n situasie waar 'n noodgeval of spesifieke behoefte eers later ontstaan het.

3.4 Aangesien 'n leerder se assesseringsakkommodasiebehoeftes mettertyd kan verander, moet die assesseringsakkommodasie voortdurend aan die begin van elke nuwe fase herevalueer word.

3.5 Indien 'n assesseringsakkommodasie nie deur die Distriksassesserings-akkommodasie-komitee goedgekeur word nie, kan die SGOS binne twee maande ná ontvangs van die oorspronklike besluit appelleer. Slegs die oorspronklike aansoek sal tydens die appèl oorweeg word. Geen bykomende inligting sal in ag geneem word nie. Die WKOD behou die reg om verdere assessering by die distriksgebaseerde ondersteuningspan (DGOS).

4. **Verskillende leerhindernisse wat assesseringsakkommodasie kan vereis**

4.1 **Sensoriese verswakking**

4.1.1 **Visuele verswakking** wat blindheid en gedeeltelike sig of swak sig insluit en die aanpassing van inhoud, aanpassing ten opsigte van die formaat van die assessering, asook die gebruik van meehelpende tegnologie vereis. Kleurblindheid kan 'n hindernis wees waaraan, deur assesseringsakkommodasies in hierdie kategorie, aandag geskenk moet word.

4.1.2 **Doofheid en hardhorendheid** wat op 'n kontinuum van intensiteit gemeet kan word en hindernisse ten opsigte van die verwerwing van reseptiewe sowel as ekspressiewe taalbevoegdhede kan oplewer.

(a) In die geval van **dowe leerders** kan hul eerste taal Suid-Afrikaanse gebaretaal wees en assesseringsakkommodasies kan vir die vorm van die eksamen, asook vir sekere aanpassings aan die struktuur en inhoud gemaak word.

(b) Afhangende van die omvang van gehoorverlies, behoort assesserings-akkommodasies in die geval van **hardhorende** leerders vir beide die vorm van eksamen as die gedifferensieerde struktuur en inhoud voorsiening te maak.

4.1.3 **Doof-blindheid** is 'n toestand waar die kombinasie van gehoor- en visuele verlies by leerders ernstige kommunikasie- en ander ontwikkelings- en onderwysbehoeftes kan veroorsaak. Die assesseringsakkommodasies vir hierdie leerders moet op 'n individuele basis bepaal word en behoort veelvoudige benaderings vir ingryping en ondersteuning in te sluit.

4.2 **Liggaamlike verswakkings** kan assesseringshindernisse as gevolg van belemmerde funksionering van die hande, arms, bene, bolyf en/of nek tot gevolg hê.

4.3 **Spraak- of kommunikasieverswakkings** wat die onvermoë om te praat en probleme om hulself uit te druk behels, kan hindernisse vir sommige leerders met liggaamlike sensoriese gestremdhede skep. Afasie is so 'n toestand wat reseptiewe en ekspressiewe spraak kan belemmer. Assesseringsakkommodasies moet by mondelinge assesserings toegepas word.

4.4 **Leerprobleme** verwys na 'n reeks hindernisse wat ervaar word tydens ontvangs, verwerking, uitdrukking of oproep van inligting. Enige hiervan kan die persoon se vermoë affekteer om doeltreffend op een of meer gebiede (soos begrip, interpretasie, oordra van kennis of vaardighede, reseptiewe of ekspressiewe taal, spelling, grammatika, die volg van aanwysings, ruimtelike verhoudings, getalle, ens.) te funksioneer.

4.5 **Probleme met die uitdruk van eie kennis in skriftelike vorm, veral met spelling en/of grammatika** kan in verskillende grade voorkom, maar kan sodanig wees dat dit feitlik onmoontlik is om die leerder se skriftelike werk te evalueer. Probleme kan spelling behels wat so swak is dat die assessor nie die werk wat deur die kandidaat gelewer is, kan verstaan nie of die leerder druk hom/haar uit deur foneties te spel (veral in Engels), wat egter steeds ontsyfer kan word. Hierdie leerders sluit in diegene wat as disleksies gediagnoseer is.

4.6 **Probleme met getalle en numeriese konsepte,** wat as Wiskunde-angs of diskalkulie openbaar word, is 'n wanfunksie in die resepsie, begrip of produksie van kwantitatiewe en ruimtelike inligting.

4.7 **Gedrags- en psigososiale versteurings** kan hindernisse tydens assessering word as dit as matige of ernstige gedrags- of psigososiale versteurings gediagnoseer is waar die leerder ondersteuning nodig het om die hindernisse wat hulle tydens assessering ervaar, te bemiddel. Hierdie probleme kan tydelik (bv. reaksie op 'n onlangse traumatiese ervaring) of langtermyn wees. Leerders op voorskrifmedikasie kan deur lomerigheid, dorsheid, visuele en/of koördinasieprobleme geaffekteer word.

4.8 **Outistiese-spektrumsindroom en Aandaggebreks-hiperaktiwiteitsindroom** is toestande waar leerders tydens assessering en/of eksamens gedisoriënteerd kan word, wat hulle dan verhoed om die vraestel na hul beste vermoë te beantwoord. Assesseringsakkommodasies sluit in hulp met beplanning of deur konsekwente aanmoediging en monitering om te keer dat die leerder moed opgee en onvoltooide assesseringswerk vir eksamenantwoordstelle ingee.

4.9 **Psigologiese/Psigososiale/Psigiatriese Versteuring** (bv. Angs en Depressie) kan assesseringsakkommodasies verlang.

4.10 **Spesifieke mediese toestande** kan ook differensiasie of assesseringsakkommodasies vereis, byvoorbeeld ernstige diabetes, epilepsie, kroniese pyn, rugbesering en MIV en vigs.

5. Meganismes vir assesseringsakkommodasies

5.1 Verwys na die Nasionale Beleid met betrekking tot die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, wat as Staatskennisgewing 372 en 373 in Staatskoerant Vol. 587, No. 37652 gedateer 16 Mei 2014 gepubliseer is, met betrekking tot die meganismes vir differensiasie en/of assesseringsakkommodasies.

5.2 **Bylae A** bied 'n opsomming van die opsies wat na goeddunke van die WKOD beskikbaar kan wees, afhangende van die erns van 'n hindernis.

6. Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir Spesialebehoefte-onderwys

6.1 Graad 10 tot 12-leerders wat leerhindernisse ervaar, word toegelaat om een van twee leerpaaie te volg met die doel om 'n kwalifikasie te behaal. Dit is:

(a) die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), soos gestipuleer in die beleidsdokument van die NSS; of

(b) 'n NSS met 'n endossement, vir leerders wat, ten spyte van assesseringsakkommodasies, nie die gestipuleerde vereistes van die NSS kan nakom nie.

6.2 'n Leerder wat vir die alternatiewe bevorderingsvereistes oorweeg wil word, moet registreer as:

(a) 'n leerder met 'n leerhindernis; en as

(b) 'n leerder wat die NSS met 'n endossement aanbied.

6.3 'n Leerder wat ooreenkomstig paragraaf 6.1(b) hierbo geregistreer is, moet die interne en eksterne assesserings van nie minder nie as vyf vakke aanbied en voltooi. ingesluit:

(a) Een amptelike taal uit Groep A (NSS-beleidsdokument), mits dit minstens op die vlak van Eerste Addisionele Taal aangebied word en mits die taal 'n Taal van Leer en Onderrig (TLO) is.
(b) Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid, uit Groep A.
(c) Lewensoriëntering, uit Groep A.
(d) Minstens twee vakke gekies uit Groep B, of twee amptelike tale uit Groep A.

6.4 'n NSS met 'n endossement sal uitgereik word aan leerders wat ooreenkomstig paragraaf 6.3 hierbo geregistreer is, mits hulle aan die volgende bevorderingsvereistes voldoen:

(a) Minstens 30 % in die vereiste amptelike taal op Huistaalvlak of op Eerste Addisionele Taal-vlak.
(b) Minstens 30% in vier ander vakke.

6.5 Indien 'n leerder met spesiale onderwysbehoeftes vir 'n NSS registreer en die NSS volgens die bevorderingsvereistes druip, kan die leerder versoek dat sy/haar kwalifikasie herevalueer word. Die versoek moet op die gestremdheid betrekking hê en binne 12 maande nadat die NSS-eksamen afgelê is aan die Direkteur: Eksamenadministrasie gerig word.

6.6 Die kandidate moet ná goedkeuring van die assesseringskoördineerder deur die skool op SOBIS as Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat-kandidate gemerk word.

7. **Immigrante (vir assesseringsdoeleindes)**

7.1 'n Immigrantleerder is:

7.1.1 'n kind of 'n afhanklike van 'n diplomatieke verteenwoordiger van 'n buitelandse regering wat in Suid-Afrika geakkrediteer is; of

7.1.2 'n persoon wat:

(a) eers in graad 7 of 'n hoër graad by 'n Suid-Afrikaanse skool ingeskryf en begin skoolgaan het; of
(b) sy of haar skoolloopbaan ná graad 3 of die ekwivalent daarvan by 'n skool in Suid-Afrika begin het; daarna vir twee of meer agtereenvolgende jare 'n skool buite Suid-Afrika bygewoon en toe na Suid-Afrika teruggekeer het.

7.2 'n Leerder wat as 'n immigrantleerder om 'n assesseringsakkommodasie aansoek doen, moet in besit wees van:

7.2.1 die tersaaklike amptelike dokumentasie (bv. studiepermit) wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik is; en

7.2.2 die tersaaklike amptelike dokumentasie wat uitgereik is deur die skool waar die leerder die Suid-Afrikaanse skoolstelsel vir die eerste keer betree het.

7.3 Leerders wat as immigrantleerders goedgekeur is, moet deur die skool op SOBIS gemerk word nadat dit deur die assesseringskoördineerder goedgekeur is.

8. Verantwoordelikhede en prosesse

8.1 Die prinsipaal van die skool is verantwoordelik vir die algehele bestuur van ondersteuning vir leerders met 'n behoefte aan assesseringsakkommodasies.

8.2 Die ondersteuningsmeganismes vir assesseringsakkommodasie moet so vroeg as moontlik in die leerder se skoolloopbaan ingelei word en **nie** net gedurende die eindeksamen of in die graad 12-jaar nie.

8.3 Die skool is verantwoordelik vir die keuring en identifisering van leerders, die voltooiing van aansoekvorms, die aanheg van al die tersaaklike ondersteunende dokumente, die aanstuur van die dokumentasie na die tersaaklike distrikskantoor, die elektroniese vaslegging van die aansoek en die implementering van die besluit van die distrikskantoor.

9. Proses vir aansoeke om assesseringsakkommodasies in graad R – 9 vanaf 2016

9.1 Skole moet leerders keur en die SBOS moet diegene identifiseer wat moontlik assesseringsakkommodasies benodig.

9.2 Die SGOS moet met betrekking tot assesseringsakkommodasies vir leerders met hindernisse/immigrante by hul distrikskantoor aansoek doen. Alle ondersteunende dokumentasie (**Bylae B, C, D**) moet tydens hierdie afspraak aan die distrikskantoor verskaf word.

9.3 Sodra alle ondersteunende dokumentasie ontvang is, sal die distrik die assesseringsakkommodasiestelsel vir die skool oopmaak om hul aansoek op SOBIS vas te lê.

9.4 Die DGOS sal die aansoek nagaan voordat hulle die finale besluit neem.

9.5 Die finale besluit van die DGOS sal via e-pos aan skole gekommunikeer word.

9.6 Goedgekeurde assesseringsakkommodasiebriewe sal op SOBIS geplaas word.

10. Proses vir graad 12 vanaf 2016

10.1 Vanaf 2016, sal die proses om vir assesseringsakkommodasies in graad 10 – 12 aansoek te doen dieselfde wees as vir graad 1 – 9 in alle skole, behalwe dat die distrik aanbevelings sal maak aan die Provinsiale Assesseringsakkommodasiekomitee vir goedkeuring. Aansoeke vir graad 10 – 12-assesseringsakkommodasies vir 2016 moet deur die distrik ontvang en dan by 30 April 2016 op SOBIS deur die skool vasgelê word.

10.2 Die DGOS sal die aansoek teen einde Mei evalueer terwyl die Provinsiale Assesseringsakkommodasiekomitee teen einde Julie alle graad 10 – 12-aansoeke sal verifieer en afteken.

10.3 Sodra aansoeke geverifieer is, sal die skool via e-pos deur die Direktoraat: Eksamenadministrasie in kennis gestel word.

10.4 Formeel goedgekeurde assesseringsakkommodasiebriewe sal op SOBIS geplaas word.

10.5 Aansoeke vir noodgevalle wat ná einde Julie voorgekom het (bv. kandidate wat as gevolg van 'n gebreekte hand 'n skrywer benodig) moet gestuur word na Hoofkantoor, Direktoraat: Eksamenadministrasie wat dit vir evaluering en goedkeuring na die Bestuurder: Leerondersteuning by die distrikskantoor sal verwys. Verifikasie sal gedoen word deur die Direkteur: Eksamenadministrasie en briewe sal per e-pos na die skool gestuur en op SOBIS geplaas word.

11. Prinsipale word versoek om 'n afskrif van hierdie omsendbrief aan alle graad R- tot graad 12-koördineerders/graadhoofde en -onderwysers te voorsien.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-04-19